## JONGMENSE/ MENSE IN OMGEEGROEPE/ ALMAL MOET DIENSBAAR WEES!

Ons bevind onsself in ‘n wêreld waar ons dit voortdurend meer en meer uitdagend vind om onsself te wees. Om in te pas is nie meer ‘n keuse nie, maar ‘n noodsaaklikheid. Dit laat ons egter met die vraag: “Watter invloed het dit op ons aksies, ons optrede?“

Hoe kan ons koninkrykskinders wees in die warboel van die wêreld? Ons word in alle rigtings getrek om te oorleef en ons gesindheid word gekenmerk deur ‘n selfsugtige behoefte om te ontvang, kritiese ingesteldheid, woede en vrees…. in plaas van onvoorwaardelike gee en diensbaarheid.

Ons bevind onsself gedurig met die bakhand, reg om te ontvang, en sal ons slegs bereid wees om te gee as ons dieselfde of meer terugontvang. Vir ons as Christene behoort dit die omgekeerde te wees, **ons gee nie iets om te ontvang nie, maar omdat ons reeds iets in Christus ontvang het.**

Ons lees in **Johannes 13** hoe Jesus sy dissipels se voete was en so as God en Leermeester die posisie en werk van ‘n dienskneg inneem deur die dissipels se voete te was. In hierdie gedeelte sien ons dat Petrus weier dat Jesus sy voete was. Hoekom weier Petrus? Hy weier omdat hy weet dat dit die werk van ‘n kneg is, maar nog meer omdat hy nie verstaan wat die hart van die Christelike evangelie is nie: **Die Seun van die Mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys te gee vir baie mense. Die Een wat koning was, het dienskneg geword.**

Ons as Christene weet wat die evangelie behels, en as ons God se genade elke dag aanvaar, verwag God van ons om dit ook te gee, om ons liefde ook met ander te deel. **Wie deur die Here verhef word tot Sy kind, moet ook bereid wees om kneg te word,** want dan word dit liefde in aksie!

***Kom ons, in ons Omgeegroepe, by die Jeugaksies, ens., begin om as diensknegte ander te dien en so die Here se Naam te eer.***

***Groete***

***1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig***

***Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Christus alles in almal!
SEPTEMBER 2013

## OMDAT GOD.....DAAROM IS DAAR ALTYD HOOP!

Wanneer konings, profete en ander in die Ou Testament baie hartseer, desperaat en wanhopig was het hulle hulle klere geskeur as uiterlike teken daarvan. Die interessante is dat daar sekere mense was wat nie hul klere mag geskeur het nie. Die priesters en veral die hoëpriester se klere mag nie geskeur word nie, want hulle het toegang tot God gehad. Waarskynlik was geskeurde klere onnodig vir die wat toegang tot God het!



Deur Christus is ons nou God se priesters en het ons die voorreg van vrye toegang tot God. God is nou ons barmhartige en genadige Vader tot wie ons elke oomblik ‘n oop deur het. Om ons oor te gee aan wanhopigheid is totaal onnodig!

Dit geld ook in tye van swaarkry en teëspoed. Selfs wanneer alles skynbaar skeef loop het ons ‘n genadige Vader tot wie ons toegang het en wat ons liefhet. Geen wonder dat die Psalmdigter selfs ten spyte van rampe, kwaadwilliges teen hom, siekte en allerlei benoudhede nog kon sê: ***Kom ondervind self en sien dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mense wat by Hom skuil (Ps 34:9).***

Wanneer jou huweliksverhouding sukkel, wanneer jou gesinsverhoudinge vasdraai, jou finans knyp en jy self by die werk die wind van voor kry, ook dan, is God steeds goed en wil Hy jou steeds seën.

Soos ‘n seuntjie wat die dokter besoek met ‘n seer-blou-toonnael waarop ‘n baksteen geval het. Toe die dokter die spuitnaald uithaal was dit geen troos nie. Hy wou eerder nog harder huil want wie hou daarvan dat naalde in jou ingedruk word, veral nog in ‘n seer toonnael. Dit was net die glimlag van sy mamma en haar hand op sy skouer wat hom kalmeer het en laat vasbyt het. Hy het geweet as sy ma dit goedkeur en dink dit is nodig dan is dit seker die beste.

Al voel ons soms soos die seuntjie wat wil wanhopig huil oor die "naalde" en "blou-toonnaels" in ons lewe, weet ons een ding: God is goed! God is by my en ek leef in kontak met Hom. Hieraan hou ons vas! Sy genade is vir ons genoeg, daarom kan ons met hoop voort gaan al loop dinge skeef. HY is ons lewensbron! ***Here, U is ons lewe! (Ps 16:5).***

Ons het altyd rede om met hoop voort te gaan, want ons God en Vader se glimlag is altyd oor ons. Daarom kan ons maak soos die man in die donker Duitse sel wat teen die muur uitgekrap het: *al is dit donker in my sel, nogtans glo ek dat die son skyn.*

My gebed is saam met die psalmdigter:

***Mag almal wat U dien, vol vreugde en blydskap wees.***

***Mag hulle wat by U hulp soek, voortdurend sê: die Here is groot!***

***(Ps 40:17 NLV)***

***ds Leon van Heerden***

## !! ONTHOU DATUMS !!

- **<u>8 Sept:</u>** 40-Dae Reeks Afsluitingsfees
- **<u>14 Sept:</u>** Karnaval
- **<u>20 Sept:</u>** Skole sluit
- **<u>24 Sept:</u>** Vakansiedag - Erfenisdag

**Sien jou daar!**




**<u>BOOMSLOPING</u>** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**<u>GRATIS</u>** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com



**NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL**

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

# 14 September 2013

# 7:00 tot 14:00

# Adelaars Sportterrein 18de Laan, Meyerstraat Wonderboom-Suid

## Parkering Beskikbaar



**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152

★Mini-Krieket

# KARWAS




Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld

**<u>Elke eerste Saterdag</u> van die maand**

**<u>Waar ?</u>** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**<u>Pryse</u>**: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**<u>Tyd</u>: 9:00-12:00**

***'n Inisiatief van die Taakspan vir Barmhartigheid***

Maak saam 'n verskil deur:

- motor te bring vir was
- ander te vertel van karwas
- deur enige van die volgende beskikbaar te stel: emmers, karwasseep, stofsuier, lappe, drukspuit vir tuinslang of fondse om enige van hierdie items aan te skaf.

***Kontakpersoon: ds Leon van Heerden (083 660 1803)***

Ons leuse: ***omgee is aansteeklik!***

**Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"**

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema



# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

**<u>VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN</u>:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

## <u>GETUIENIS</u>

"Omgeegroep toe gaan, nooit gesien nie. Wat moet ons daar gaan maak???

Mense het aangehou om ons te nooi na die Omgeegroepe toe, maar elke keer het ons 'n verskoning gehad, want ons sou nie inpas nie.

Tydens die potjiekoskompetisie het ons by 'n groepie gaan sit en hulle het ons dadelik aanvaar soos ons is.

Ons het die Sondagaand besluit om te gaan en net te kyk, ons gaan ons nie verbind nie. Ons is dadelik as deel van die groepie aanvaar en nou kan ons ons nie een week sonder ons "familie" voorstel nie.

Hulle staan jou deur dik en dun by, hulle ondersteun jou so dat jy partykeer wonder hoe jy sonder 'n Omgeegroep klaargekom het.

Dit is die beste ding waarby ons betrokke geraak het. Daar word jy ondersteun in alles. Daar word jou hande omhoog gehou wanneer jy nie kan nie, hulle is "caring" en gee regtig om."

Johan en Belinda Engelbrecht

***Indien jy betrokke wil raak in 'n Omgeegroep, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***

# Toe bly "eendag-as-ek-groot-is" maar net 'n droom

Hier is "*in-die-goeie-ou-dae*" en "*toe-ons-nog-jonk-was*" praatjies nie die oplossing nie. Sommige van ons is nie meer jonk nie – sommige is nog. Die feit bly: niemand van ons gaan jonger word of jonk bly nie. Kom ons dink daarom nou in besonder aan die jongmense wat nog op skool is. Hierdie is almal jongmense wat in 'n baie moeilike en besmette wêreld hul voete moet vind en daarop moet staande bly. Die uitdagings wat hulle op 'n daaglikse basis in die gesig staar is doodeenvoudig 'scary'. Selfs in ons eie gemeente is daar jongmense wat as te ware die "gom" is wat pa en ma se huwelik aanmekaar moet hou. Ander word gebruik as afpersmiddels waarmee geskeide ouers mekaar probeer bykom. Ánder moet ná hul skoolloopbaan self sien kom klaar, sonder die moontlikheid van tersiêre opleiding. Die hartseerste is sekerlik die feit dat jongmense nie meer ideale en drome najaag nie. Dit is hartverskeurend om te beleef hoe min jongmense nog 'n "eendag-as-ek-groot-is" ideaal het – iets om na te streef. Dank die Here dat daar tog jongmense is met die middele en geleenthede om hierdie ideale te verwesenlik. Wat van dié vir wie dit altyd maar net 'n droom sal bly? Hét ons jongmense nog die vermoë om te droom en hul toekoms te visualiseer? Een van die grootste aanmoedigings wat enige jongmens in sy/haar lewe kan ervaar, is ouers wat glo dat hul kinders kán! Die wonderlikste woorde wat 'n kind kan hoor is: "you've got what it takes".

By ons gemeente probeer ons ons jongmense juis bemagtig met hierdie wete. Redelik onlangs het ons die jongmense uitgedaag om hulself te begin sien, soos Gód hulle sien – as Koningskinders. In totale afhanklikheid van God, probeer ons om jongmense inklusief te benader. Die realiteit is dat ons (die gemeente) min die geleentheid het om tyd saam met die jongmense in ons gemeente te spandeer. Daarom wil ons weer die ongelooflike belangrike rol van ouers beklemtoon. Dink bietjie oor die volgende vrae:

- Hoor jou kind genoeg dat hy/sy goed genoeg is en dat hulle het "what it takes"?
- Moedig jy jou kind nog aan om groot te droom en hul drome na te streef?
- Begelei jy nog jou kind op só wyse dat die beste in hom/haar na vore kom?
- Hoe gereeld gesels jy en jou kind oor sy/haar ideale ("eendag-as-ek-groot-is")?
- Wat staan in die plek van jou kind en sy/haar ideale?
    - ◊ Hoe kan jy jou kind help om dit uit die weg te ruim?
    - ◊ Hoe kan NG Rietfontein-Suid julle help om dit te doen? (ons wil baie graag by jou leer!)

Laat jou kind toe om nog kind te wees. Help jou kind om groot te droom. Spoor jou kind aan om sy/haar drome waar te maak. Doen alles in jou vermoë sodat jou kind nie eendag terug kyk oor die lewe en sê "toe was 'eendag-as-ek-groot-is' maar net 'n droom gewees" nie.

Ons besef ook dat ouerskap in vandag se wêreld 'n 'scary' taak is. Kom ons maak 'n punt daarvan om nie net vir ons jongmense te bid nie, maar ook vir hul ouers. Ons wil jou ook uitnooi om met ons te praat. Ons wil baie graag by jou leer oor die wyse waarop ons as gemeente, gesinne kan dien en ondersteun. Onthou dat ons nie al die antwoorde het nie, maar ons wil jou tog uitdaag: gee ons die geleentheid om sáám met jou vrae te vra en by die Here vir antwoorde te soek.

Onthou: **die armste mense is nie dié sonder geld nie, maar dié sonder drome!**

***DJ Muller***



## <u>Krag vir die dag</u>

## My Besembosskuiling

Vroegoggend staan ek op na 'n donker nag van rondrol sonder slaap. Vandag is weer 'n besembosdag, dink ek en ek wonder of daar vandag 'n engel sal kom om vir my bietjie troos te bring.

Met soetvars geur van die oggend teen my lyf stap ek uit in my roostuin, en wat 'n verassing wag daar op my! 'n Baba skoenlapper met haar fyn vlerkies lê en slaap in die oop hart van 'n salm pienk roos. Roerloos met vlerkies hemelwaarts gerig, koester die skoenlapper haar in die strale van die opkomende son, totdat haar vlerkies genoeg sonkrag ge-absorbeer het voordat sy opstyg om haar dagtaak te begin.



Ek word klein voor die wonder van God se skepping en meteens lê die dag wyd en oop voor my. Ek begryp dat God wil hê dat ek soos die klein skoenlapper na elke vermoeiende dag moet terugkeer na Hom toe om snags in Sy teer roosblaarhart tot rus te kom. Daar sal ek veilig voel en vertroos word.

Dankbaar is my gebed. "*O, Heer, laat daar tog altyd 'n besembosskuilding op my pad wees.*" Amen.

*Annatjie Weilbach*